e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

17 Julie 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 22

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Susters dinamies vorentoe

Dinamies vorentoe… Dit staan op die logo van die NHSV. En met die 47ste Nasionale Kongres wat vanaand 'n aanvang neem, is dit steeds duidelik: Vroue is dinamies werksaam in elke gemeente van die NHK.

Vroue in die Kerk lewer reeds vir langer as 'n eeu onbaatsugtig diens aan hul medegelowiges. Die struktuur wat deur die Algemene Kerkvergadering daargestel is, die NHSV, is byna 75 jaar oud. Met dit in gedagte is die tema van die Kongres geneem uit Psalm 16: 6: *'n Pragtige deel is vir my afgemeet*.

Wanneer 'n mens terugkyk, is dit baie duidelik dat die rol van vroue in die NHK met verloop van tyd verander het. Aanvanklik het vrouegroepe in gemeentes spontaan die hand uitgereik na behoeftiges, verarmdes en verstrooides. Hierdie werksaamhede het mettertyd uitgebrei om, behalwe gemeentelike armsorg, ook fondse in te samel vir kerkgeboue, orrels, matte, die versorging van bejaardes, ensovoorts. Dit het tot gevolg gehad dat baie lidmate die NSHV as sinoniem met fondsinsameling geag het. Dit is egter 'n uitgediende standpunt.

Vrouelidmate is onlosmaaklik deel van die gesprek oor kerkwees. Tydens die Kongres word tyd ingeruim vir gesprek rondom vrouwees en kerkwees. Daar moet nuut gedink word oor die rol van vroue in die Kerk en in die gemeentes. Daar moet veral ag geslaan word op die behoeftes van vrouelidmate en wat ons kan doen om daardie behoeftes te hanteer.

Aspekte waarmee die vrouelidmaat gekonfronteer word in haar daaglikse lewe, is in ag geneem. Dinamiese sprekers is gekies om vrouelidmate pitkos te gee:

Dr Wim Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, open die Kongres met 'n oordenking. Hy lei ook die gesprek oor vrouwees en kerkwees.

Mev Marita Fourie: *NHSV 75 – 'n Kosbare pêrel*. Sy lewer 'n terugblik op die NHSV sodat dit wat goed was in die verlede, gebruik kan word om die toekoms op te bou.

Mev Elmien Botha: *Stoei met die gorilla… dis die moeite werd!* Sy deel die pakkie wat sy van God ontvang het, die lief en die leed, en hoe die deel wat sy ontvang het ook vir haar mooi is.

Ds Liesel Krause-Wiid: *Wanneer woorde ontbreek…* Die gesprek gaan oor trauma, hoe om beter te verstaan, te verwerk en uit te reik na ander.

Prof Stephan Joubert: *Hoop is 'n werkwoord!* Die dames word Saterdag weggestuur met die Goddelike opdrag om 'n verskil te gaan maak in hul eie leefwêreld.

Hierdie gesprekke gaan deurgetrek word na die streekkonferensies in 2015 waar vroulidmate aktief sal meepraat en dink oor vrouwees in die kerk in ons moderne tyd. Vandaar die oproep….

Kom susters slaan die hande steeds vaster in mekaar
tot troue liefde-arbeid om Christus ons geskaar…
Wil by ons swakke pogings, u liefde ons laat blyk,
en deur ons diens bevorder, u heerlik Koninkryk!

Mev Tessa Coetzer
Voorsitter NHSV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas.



Prop Annézel Otto

Beroep aanvaar

- **Prop A (Annézel) Otto** (beroepafwagtend) na Sionspoort (deeltyds)

Vakante standplaas

- **Gemeente Grimbeekpark** in Potchefstroom het ’n werksruimte vir **deeltydse bediening** met **gedeeltelike versorging** geskep wat **per werksooreenkoms jaarliks gevul** kan word. Die werkopdrag en samestelling van die versorgingsvoordele sal met geskikte aansoekers bespreek word. Benewens blootstelling aan ampswerk in die breë, is die vestiging en uitbou van jeugbediening en die bediening aan jong gesinne die primêre bedoeling van die opdrag. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg asook om die pos te vul wanneer dit geleë is. In oorleg met die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) kan ’n student in sy of haar finale jaar ook oorweeg word. Aansoeke kan gerig word aan die voorsitter van die komitee verantwoordelik vir die beroepswerksaamhede, oudl Phonnie Smit, by **pbd.psmit@offinet.co.za**. Aansoeke kan ingedien word **tot 18 Julie 2014**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds Martin Fouché** van Gemeente Riebeeckstad in Welkom **se vader** is Sondagaand 6 Julie in die ouderdom van 91 jaar oorlede. Die roudiens het op Donderdag 10 Julie in Reitz plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan ds Fouché en hul familie.

- Die kontaknommers van **Gemeente Heilbron** is nou: Kerkkantoor 058 852 1737 en ds Nico Brayshaw 058 852 3950.

- **TEOLOGIESE OPLEIDINGSFONDS.** Die AKV het besluit dat die **deurkollektes van Sondae 27 Julie en 3 Augustus** aan die Teologiese Opleidingsfonds afgestaan word. Gemeentes betaal dan die deurkollektes oor in die Fonds se rekening by ABSA: Teologiese Opleidingsfonds, rekeningnommer 404 863 2649.

- **September is Bloedskenkmaand** en ons wil graag soveel Hervormers moontlik daarby betrek. Dit sal interessant wees om uit te vind watter predikant, manlike lidmaat en vroulike lidmaat in die Nederduitsch Hervormde Kerk al die meeste eenhede bloed geskenk het. Stuur asseblief ’n e-pos met BLOEDSKENK in die onderwerpreël aan **egf@global.co.za** en gee jou naam, hoeveel eenhede jy al geskenk het en in watter een van die gemelde drie kategorieë jy val. Wie weet, miskien kan daar ’n prys gewen word!

- Die ***e-Hervormer*** se nuusbrokkies oor die Hervormde Kerk word nou al vir meer as ses jaar elke week elektronies uitgestuur aan ’n groeiende leserspubliek. Maar *hoe* ontvang jy *jou e-Hervormer*? En *wanneer*? Het jy geweet dat *enigeen self* op die *e-Hervormer* kan inteken, en dat dit *gratis* is? Jy hoef nie te wag dat jou gemeente of familie of vriende dit vir jou aanstuur nie; jy kan *self* daarop inteken en dit ontvang sodra dit uitgestuur word. Stuur ’n e-pos aan **karen@nhk.co.za** met die boodskap **“Teken in op e-Hervormer”** as onderwerp. En as jy van vriende

of familie (in enige gemeente, in enige kerk, of op enige plek in die wêreld) weet wat ook graag die *e-Hervormer* sal wil lees, kan jy hulle gerus nooi om dieselfde te doen.

- **MENINGSPEILING OOR KOMMUNIKASIE IN DIE KERK.** SENTIK het 'n vraelys wat kan vasstel hoe effektief die kerklike kommunikasie is en wat lesers se mening oor die inhoud, formaat en waarde van die kerklike publikasies is, by die onderstaande skakel geplaas. Ons sal dit waardeer **indien ons lesers die vraelys sal invul** deur die toepaslike kode te omkring. Verskaf asseblief ook die persoonlike inligting – individuele antwoorde sal vertroulik gehou word, en slegs gesamentlike statistieke sal bekendgemaak word. U naam sal dus nie aan u antwoorde verbind word nie. **Ons moet die voltooide vraelyste voor 24:00 op Vrydag 25 Julie ontvang.**
  http://www.itrresolutions.co.za/NHKA2014/vraelys.html

- **VOEDSELNOODLENIGING IN DIE PLATINUMGORDEL.** Ds Neels van Tonder van Gemeente Buffelspoort skryf soos volg: "Die berig dat die staking verby is, het nie meegebring dat die krisis in die platinumgordel oor is nie. Kontrakteurs en subkontrakteurs is aangesê om vir minstens nog vier weke van die myne af te bly. Vir daardie gesinne beteken dit dat hulle steeds sonder inkomste sit. Sommige kontrakteurs het reeds kennis gekry dat hulle volledig afgelê word en dus geen werk meer het nie. Die nuusmedia berig nie oor hierdie gevolge nie. Ons het groot waardering vir hulp wat reeds aan die gesinne in die huidige Rustenburg-krisis verleen is. Ons wil steeds die vrymoedigheid neem om te vra dat gemeentes sal probeer om vol te hou met hulpverlening. Al die skenkings word in pakkies per gesin verpak. Klein verpakkings van produkte maak die opmaak van kospakkies baie makliker. Eenhede van byvoorbeeld 750 ml olie, 1-2 kg suiker, ensomeer, is makliker om dadelik te verpak as produkte wat in groot mates of volumes kom. Wanneer die produkte in houers herverpak moet word, word die indruk geskep dat van hierdie produkte reeds oopgemaak of oud is."

  Tans het ons 'n ooraanbod aan meel – moet dus nie in hierdie stadium nog meel skenk nie. **Produkte waarmee lidmate kan help,** is die volgende:
  Kookmiddels: Kookolie (verkieslik 750 ml), sout, peper, kruie en speserye.
  Kos: Ontbytkos (weetbix, all bran, hawermout), beskuit, provita, koffie, suiker, tee, (milo of warm sjokolade as bederf), langlewemelk, eiers, kaas, weense worsies.
  Wat met koelgeriewe gebring kan word: Gevriesde groente, vleis (soos hoenderstukkies).
  Pasta: Spaghetti, macaroni, pastageurmiddels of -souse, pakkies sop.
  Groente en blikkieskos: Gevriesde of vars groente, aartappels, boontjies, wortels, pampoen, patats.
  Gedroogde produkte: Sousboontjies, rys, sojaboontjies, sojavleis, toppers.
  Blikkies met vleis: Boeliebief, tuna, frikkadelle, worsies, sop, sardientjies.
  Smeermiddels: Margarien, grondboontjiebotter, marmite, Bovril, konfyt.
  Lekkernye (vir kinders): Lekkergoed, koeldrank, koekies, aartappelskyfies, pakkies grondboontjies en rosyntjies.
  Babaprodukte: Babakos, babamelkpoeier, Purity, babadoeke, formulemelk, wet wipes, Vaseline, babalyfpoeier, babasjampoe, oorstokkies, babatandepasta en tandeborsels, babakomberse, komberse.
  Toiletware: Seep, sjampoe en opknappers, skeerskuim, room, weggooibare skeermesse, deodorant, tandborsels, tandepasta, oorstokkies, Savlon, sanitêre doekies, toiletpapier, waslappe, handdoeke.
  Skoonmaakmiddels: Skottelgoedopwasmiddels, seeppoeier (500 g – 1 kg), kombuis- en badkamerskoonmaakmiddels soos Handy Andy, Domestos, Jik, besems, moppe, stoflappe, waslappe, vadoeke, Vim, staalwol, potskuurders, goldilocks.
  Medisyne: Hoofpynpille, pynstillers vir kinders, Vicks, hoesmiddels, pleisters, verkouemedisyne.

Skoolbenodigdhede: Penne, potlode, uitveërs, inkleurpotlode, skryfblokke.
Dierekos: Hondekos, katkos, voëltjiesaad.

Finansiële bydraes:

- Gemeentes kan bydra tot die Kerk se **Rampfonds** (Raad van Finansies, ABSA Bosmanstraat, tjekrekening 020 000 287, verwysing 16RAMP + donateur se naam).
- Individue kan bydra tot Projek 21, ABSA, takkode 632005, tjekrekening 407 119 9298; vermeld asseblief jou naam en van op die oorbetaling.
- Jy kan ook R20 skenk deur **RUST en jou naam** te SMS na 40156.

Vir verdere hulp of besonderhede kan **ds Neels van Tonder** gekontak word by 072 633 3367, of per e-pos by **nvtonder@vodamail.co.za**.

- **HULP AAN GEMEENTE IN BULAWAYO.** Persone wat die gemeente finansieel wil ondersteun, kan ds Theuns Botha kontak by **camelhors@gmail.com**. Inbetalings kan gedoen word by ABSA, rekening Raad van Finansies, rekeningnommer 020-000-287, takkode: 632-005, verwysing 16BULA + naam (bv 16BULA Wapadrant). Gemeentes moet asseblief NET die gemeentenaam of individu se voorletters en van intik. Betalingsbewyse kan gestuur word na ds Theuns Botha by e-posadres **camelhors@gmail.com**. U kan ook aansluit by hul "Facebookblad-lidmate" by

https://www.facebook.com/pages/Afrikaanse-Samewerkende-Kerke-BulawayoDutch-Reformed-Churches/137302096362582

- **HOOF: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE**

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van **Hoof van die HTK** wat gesetel is aan die Universiteit van Pretoria. Die pos moet gevul word vanaf 2015.

Van die Hoof van die HTK sal onder andere die volgende verwag word:

- Praktykvorming van teologiestudente met die oog op gemeentelike bediening in die NHKA.
- Ontwikkeling van 'n toepaslike kurrikulum vir die HTK ten opsigte van praktykvorming.
- Ontwikkeling van toepaslike kursusmateriaal vir gemeentes en predikante.
- Toerusting van ampsdraers en lidmate.
- Fasilitering van bepaalde prosesse in gemeentes.
- Ontwikkeling van bedieningsvaardighede van predikante.
- Ontwikkeling van leierskapsvaardighede.
- Skakeling met soortgelyke kolleges en opleidingsentra in die binne- en buiteland.
- Oorhoofse bestuur van die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* in samewerking met die redakteur en redaksie.

Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- Oor 'n Doktorsgraad in die teologie beskik.
- 'n PhD in Praktiese Teologie en 'n kwalifikasie in Bestuurswetenskap sal aanbevelings wees.
- Moet gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings handhaaf en teologiestudente pastoraal kan begelei.
- Op die hoogte wees van die huidige teologiese diskoers en daaraan kan deelneem.
- Rekenaarvaardig wees.

Aansoekers moet die volgende dokumente indien:

- Volledige CV.
- Gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies.
- Name en kontakbesonderhede van twee referente.
- 'n Selfevaluering van hoogstens een bladsy.
- 'n Visie vir die uitbou van die HTK. Inligting oor die HTK is beskikbaar by **piet@nhk.co.za**.

Van kandidate mag verwag word om 'n MBTI-vraelys te voltooi.

Die pos bied die volgende voordele:

- ’n Kontrakaanstelling vir 5 jaar.
- Traktement in lyn met die Kerk se skale.
- Behuisingstoelaag.
- Verlof soos per verlofreglement van predikante in die Kerkorde (langverlof is nie van toepassing op hierdie pos nie).
- Motortoelaag.

Aansoeke moet **voor of op 31 Julie 2014** ingedien word by mnr Piet Beukes, per faks by 086 630 5150 of per e-pos by **piet@nhk.co.za**.

- **HALFDAG SEKRETARIËLE POS: GEMEENTE NABOOMSPRUIT**
  - Volledig Afrikaans en Engels magtig
  - Akkuraat en georganiseerd
  - Vriendelik, eerlik en betroubaar
  - Rekenaarvaardig
  - Goeie administratiewe vaardighede
  - Koördinering van funksies vorm deel van die pos
  - Ondervinding sterk aanbeveel

  Handig aansoeke in by die gemeentelike kerkkantoor
  of e-pos aansoek met CV na **nhknbs@telkomsa.net**
  Navrae: 014 743 1325

Spesiale eredienste en feesnaweke

Ds Denise Schmidt

Ds Dries Beukes

- **Sondag 27 Julie: Gemeente Klerksdorp-Suid**
  Bevestiging van ds Denise Schmidt
  Dr André Ungerer sal die Kommissie van die AKV verteenwoordig

- **Sondag 14 September: Gemeente Swartkop**
  Emeritaataanvaarding van ds Dries Beukes
  Prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die AKV optree
  Mnr Elmar Struwig sal namens die Raad van Finansies groete oordra
  Oudl Jan Beukes van die Kommissie van die AKV (en broer van ds Dries) sal ook teenwoordig wees

Nog ’n gedig vir die winter

Winter

Nou lê die aarde nagtelang en week
in die donker stil genade van die reën,
en skemer huise en takke daeliks bleek
deur die wit mistigheid en suising heen.
Dis alles ryk en rustig van die swaar
geheime wasdom wat sy paaie vind
deur warm aarde na elke skeut en blaar,
en ver en naby alles duister bind
in vog en vrugbaarheid en groot verlange;
tot ons ’n helder middag skielik sien
die gras blink, en die jong graan teen die hange,
en weet dat alle rus die lewe dien:
hoe kon ek dink dat somer ryker is
as hierdie groei se stil geheimenis?

NP van Wyk Louw
(*Vier gebede by jaargetye in die Boland. Mei-Julie 1937.* Uit: *Versamelde gedigte* 1981)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 25 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 17 Julie:	Di W (Willem) Dykema (Bloemfontein), JJ (Johan) Greyling (Tarlton) en JF (Hannes) van der Merwe (Pretoria-Oos)
o Sondag 20 Julie:	Ds MM (Mari) du Plessis-Manders (Suidoos-Witbank) en dr GJ (Gert) Volschenk (buiteland)
o Maandag 21 Julie:	Di JA (Hannes) Jansen van Rensburg (Brakpan-Harmonie), SFC (Coetzee) Ras (Edenvale) en AJ (Adam) Zwarts (emeritus)
o Dinsdag 22 Julie:	Ds FGJ (Kalfie) Loots (emeritus)
o Woensdag 23 Julie:	Ds J (Juanita) du Preez (Pierneef)
o Donderdag 24 Julie:	Ds PJHS (Henk) Pienaar (Bosmansrust)

Beplande vergaderings

o 17 tot 19 Julie:	NHSV Kongres
o Maandag 21 Julie:	Kernkomitee: Finansies en Administrasie
o Dinsdag 22 Julie:	ADV Kommunikasie Beurskomitee Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
o Woensdag 23 Julie:	OSR Bestuursvergadering
o Donderdag 24 Julie:	Redaksie van *Die Hervormer* ADV Finkom Bejaardesorg Bestuurskomitee
o Vrydag 25 Julie:	Moderamen OSR Finkom SP Engelbrecht-museum

Allegaartjie

Baie mense se reputasie sal nie hul karakter herken as hulle mekaar op straat sou raakloop nie. (Elbert Hubbard)

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Vrydag 1 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Musiekaand met Jakkie Louw
  Plek: De Oude Werf
  Tyd: 18:30 vir 19:00
  Kaartjies: R100 per persoon, R50 vir laerskoolkinders
  Navrae: 013 932 2929 / 083 448 9563

- **Saterdag 23 Augustus: Gemeente Noordelike Pretoria word 80**
  Optrede van Liza Brönner
  10:00 in die kerkgebou

Daarna plaasontbyt en lekker kuier (sap en koffie ingesluit)
R100 vir volwassenes, R60 vir persone bo 65 en laerskoolkinders (voorskoolkinders gratis)
12de Laan 512, Gezina, Pretoria
Bespreek vroegtydig by Marian Jordaan 082 937 7562
of gemeentelike kerkkantoor 012 335 9148

- **Vrydag 5 September: Gemeente Montana**
  Konsert met Burgerd en Zita
  Ten bate van barmhartigheid in ring van Noordelike Pretoria
  Wegneemetes vanaf 17:00, konsert 18:30
  Volwassenes R80, kinders R30
  Kaartjies beskikbaar by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Rooihuiskraal: 4x4-pretdag vir die hele gesin**
  Saterdag 2 Augustus
  'n Kosstalletjie en springkasteel vir kinders met volwasse toesig terwyl ouers die roete ry
  Inligting en besprekingsvorms by **www.ebs4x4.co.za**

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
  of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30 by 011 826 4625

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met 'n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**
  Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate
  Wen vleis of kontant – vleis sal deur u naaste slaghuis gelewer word
  Inskrywings in veelvoude van R20
  Trekking Saterdag 6 September 2014
  Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714

Basaars en markte

- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Mafeking: Basaar**
  Tema: *Reënboogfees*
  09:00 tot 15:00 op die kerkterrein, hv Tillardstraat en Nelson Mandelaweg

Snuisterye, handwerkartikels, tuisgebak, plante en troeteldiere te koop
Speletjies vir die jongspan
Veiling van onder andere plaaslik vervaardigde houtwerkartikels
Besoek die restaurant en kosstalletjies – uitsluitlik deur gemeentelede bedryf
Navrae oor fees aan Kallie en Nelia Landsberg
079 893 9031 / 083 665 6239
Nie-kosstalletjies teen R200 elk beskikbaar
Kontak Magda by 0828251913 of **magda.redelinghuys@gmail.com**

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad (OSR)** as welsynsorganisasie van die Hervormde Kerk het amptelik as **SEB-organisasie** geregistreer (*BEE: Black Economic Empowerment*). Hierdie registrasiesertifkaat kan van mev Ansie Cromhout by 012 322 8885 x290 of **oraad@nhk.co.za** aangevra word indien enige persone/ instansies/maatskappye donasies/skenkings wil maak. Al meer donateurs is slegs geneë om skenkings te maak aan welsynsorganisasies wat SEB-status het. Met die OSR se SEB-status sal daadwerklik gepoog word om meer donateurs te werf om die finansiële volhoubaarheid van die OSR te probeer verseker.

- **Donderdag 31 Julie 17:00 tot 22:00**
  Konferensie: *Die Belydenis en die onderwys*
  By Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
  Ligte ete beskikbaar teen R30
  Bespreek vooraf vir ete by 012 332 4535 /
  kerkkantoor@gkkandelaar.co.za

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Here, dink aan u kerk.
Onthou tog om haar te verlos van die bose
en om haar in u liefde te vervolmaak.
Bring vanuit die vier windrigtings
haar geheiligdes na u koninkryk
want aan U behoort die krag en die heerlikheid
tot in ewigheid.
(Die Didache c 100)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx